# ’N STRATEGIE VIR VOORSPRAAK VAN JAG VIR DIE SA JAGTERS- EN WILDBEWARINGSVERENIGING

**’N STRATEGIE VIR VOORSPRAAK VAN JAG VIR DIE SA JAGTERS- EN WILDBEWARINGSVERENIGING**

**Posisionering van Jag binne die SAJVW-mileu**

*By die SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging glo ons jag is meer as ’n leefstyl. Jag is deel van wie ons is. Dit is ons lewenswyse, ons kultuur, ons erfenis en ons verbintenis met die natuur. Dit is ’n metode om gesonde kos vir ons gesinne te oorsien.*

## INLEIDING

Ons leef in ’n samelewing waar jag en ons jagerfenis, sowel as ander buitelugaktiwiteite, wêreldwyd bedreig word deur:

- radikale ekstremistiese groepe wat jag en/of volhoubare benutting teenstaan en openbare mening, beleid en wetgewende prosesse beïnvloed wat jag en bewaring raak;
- jonger geslagte wat hulle toenemend losmaak van wat die natuur voorsien en hoe ons dit benut;
- onvolhoubare en onverantwoordelike gebruik van wildlewe;
- oningeligte en onverantwoordelike jagters wat die beeld en die positiewe bydrae van verantwoordelike jagters skaad;
- afwesigheid en gebrek aan optrede deur verantwoordelike jagters en die SAJWV om verantwoordelike jag en ons jag-erfenis te bevorder en te verdedig;
- ’n regering, wetgewing en beleidsraamwerke wat nie volhoubare benutting bevorder as ’n integrale deel van ons grondwetlike reg en verantwoordelikheid om die omgewing te beskerm nie; en

Hierdie bedreigings word verder aangevuur deur die toenemende druk op wildbevolkings as gevolg van groeiende menslike bevolkings, klimaatsverandering, habitatvernietiging en ’n algemene publiek wat toenemend vervreem raak van die werklikhede van die siklus van lewe en dood. Die publiek verstaan nie die vereistes vir betekenisvolle bewaring nie en dit is onwaarskynlik dat dit binnekort sal verander. Druk om volhoubare benutting van biodiversiteit, veral wild, te staak, sal voortduur tensy ons daadwerklik optree om dit te voorkom.

Die uitlatings van ekstremistiese groepe vind byval by mense se emosies en buit hulle onkunde uit oor die bedreigings wat die bewaring van wild in die gesig staar. Hulle is dikwels goed georganiseer en goed gefinansier. Daarom is dit noodsaaklik dat die SAJWV homself beter posisioneer om hierdie bedreigings te ondersoek en uit die weg te ruim en as spreekbuis vir verantwoordelike jagters en hul positiewe bydraes tot die samelewing op te tree. Ons moet voortgaan om met alle sektore te skakel ter ondersteuning van bewaring en volhoubare benutting, en om doeltreffende meganismes te bepaal om die toekoms van verantwoordelike jag te verseker. SAJWV moet sy reputasie handhaaf en ’n veerkragtige beeld projekteer van ’n

vereniging wat verbind is tot die bewaringsbeginsels van verantwoordelike benutting, terwyl dit trots by sy lede inboesem as rentmeesters van ons wild-, jag- en buitelugerfenis.

Fred Eichler, ’n bekende jagter en hengelaar, skrywer en ywerige voorstander van jag, het die term *Anti-hunting Hunters* geskep om die mate van apatie en gebrek aan solidariteit te beskryf wat dikwels binne die jag- en hengelgemeenskappe voorkom. Ons moet hierdie ingesteldheid ondersoek, aangesien dit die norm onder Suid-Afrikaanse jagters geword het. Ons jagerfenis word as vanselfsprekend aanvaar, en dikwels kies ons om nie betrokke te raak nie. Ongelukkig is die bedreigings vir jag dikwels nie groot, dramatiese gebeure nie, maar eerder ’n reeks kleiner insidente wat jag as deel van ons erfenis, die bydrae tot bewaring, die rol in voedselsekerheid en landelike sosio-ekonomiese ontwikkeling, geleidelik ondermyn. Dit is belangrik dat lede hierdie prosesse beter verstaan en aktief betrokke raak by die beskerming van ons jagerfenis.

## WAAROM ONS VERANTWOORDELIKE JAG MOET BESKERM

- Jag is deel van die kulturele erfenis van Suid-Afrikaners.
- Jag is ’n integrale deel van die buitelewe-leefstyl van baie Suid-Afrikaners en vorm ’n noodsaaklike deel van natuurgebaseerde toerisme.
- Die geld wat verantwoordelike jagters vir hul jagte betaal, dien as inkomste vir grondeienaars om bewaringsaksies te finansier, waaronder die bewaring van wildhabitatte en verwante spesies. Dit dra by tot die oorlewing van gejagde en ander spesies en ondersteun nasionale bewaringsdoelwitte.
- Inkomste van die jagsektor maak ’n beduidende deel uit van die bydrae wat die wildbedryf tot die ekonomie lewer, veral in landelike gebiede waar dit onder andere bydra tot voedselsekerheid, werkskepping en die verbetering van mense se lewensbestaan.
- Jag is ’n doeltreffende strategie vir die bestuur van wild en wildgetalle.
- Jagters oes vrylopende, gesonde proteïen as deel van hul lewensstyl wat bydra tot nasionale voedselsekerheid.

## DIE VOORTBESTAAN VAN ONS KULTUUR EN VOORREG OM TE JAG

Die voortbestaan van ons jagkultuur berus op die volgende:

- Jag as ’n integrale deel van Suid-Afrikaners se kulturele erfenis;
- Voortgesette gesonde wildhabitatte en -bevolkings;
- Sinvolle wetgewing;
- Erkenning van die beduidende bydrae wat verantwoordelike jagters lewer tot landelike sosio-ekonomiese ontwikkeling as deel van die natuurgebaseerde toerismesektor;
- Die wete dat jagters as verantwoordelike gebruikers van die natuur sorgsame bewaarders is van ons wildlewe-erfenis;
- Erkenning van die vleis van vrylopende wild as ’n bestaansstrategie wat bydra tot voedselsekerheid;
- Jagters se kennis van, en trots in, aktiewe voorspraak vir hul bydrae tot bewaring, voedselsekerheid en die ekonomie wat onder andere verantwoordelike jagwaardes aan die volgende geslag oordra.

**BEGINSELS VAN VERANTWOORDELIKE JAG**

Die volgende beginsels is van toepassing:

- Gehoorsaam wetgewing rakende vuurwapenbesit, bewaring en jag, en dring daarop aan dat ander dit ook nakom.
- Tree altyd verantwoordelik, eerbaar en eties op.
- Jag volgens die beginsels van regverdige-jag (*fair chase)* wat die vaardigheid van die jagter en die prooi in hul natuurlike habitat toets met ’n redelike kans om weg te kom.
- Gebruik tegnologie op ’n wyse wat nie die ontwikkeling van jagvaardighede ondermyn of jag reduseer tot skiet nie.
- Meet sukses aan die gehalte van die jag en nie die hoeveelheid diere wat gejag is nie.
- Jag in gebiede waar die geld wat die jagter betaal, bydra tot die bewaring van spesies en hul habitatte.
- Jag met inagneming van dierewelsyn en beperk die lyding van die prooi deur:
    - onnodige risiko’s te vermy en slegs verantwoordelike skote te neem;
    - effektiewe skootplasing;
    - vuurwapenvaardigheid en die gebruik van doeltreffende kalibers;
    - die biologie en sosiale gedrag van spesies in ag te neem;
    - enige beseerde dier so vinnig en menslik moontlik dood te maak.
- Ondersteun volhoubare benuttingspraktyke wat bydra tot gesonde wildbevolkings.
- Streef daarna om te verseker dat die hele dier optimaal benut word.
- Onderhou en respekteer alle wild en die ekosisteme waarin hulle voorkom.
- Toon respek vir diere wat gejag is en moenie dit op ’n onwaardige of oneerbiedige wyse uitbeeld nie.
- Tree verantwoordelik en respekvol op teenoor grondeienaars en gasheer-gemeenskappe.
- Tree op as mentors deur ’n positiewe beeld van jagters voor te hou, mense aan jag bekend te stel en hul kennis en vaardighede te verbeter.
- Prioritiseer algemene veiligheid, en die verantwoordelike en veilige gebruik van vuurwapens.
- Wees trots op besluite wat tydens jag geneem word en aanvaar volle verantwoordelikheid vir gedrag.
- Tree met respek op teenoor nie-jagters en die media en streef daarna om positiewe verhoudings te bou.
- Verduidelik die rol van verantwoordelike jag in bewaring, wildbestuur, voedselsekerheid en sosio-ekonomiese ontwikkeling op ’n konstruktiewe wyse.

## DOELWITTE / VERWAGTE UITKOMSTE

Wat wil ons met hierdie strategie bereik?

1. ’n Radikaal verbeterde beeld van jag, jagters en SAJWV wat verantwoordelike wildbenutting en rentmeesterskap van wild bevorder.
2. Identifiseer en bestuur bedreigings vir ons jagerfenis.
3. Bewaar ons jagerfenis vir die nageslag.

4. Erken verantwoordelike buitelugaktiwiteite, insluitend die volhoubare benutting van wild deur jag en hengel, as gesonde alledaagse aktiwiteite.
5. Betekenisvolle bewaring, gegrond op gesonde beginsels van volhoubare benutting, wat sosiale, ekologiese en ekonomiese aspekte in ag neem.
6. Bevorder verantwoordelike jag as ’n gesonde alternatief vir kommersieel-geprosesseerde vleissnitte en as ’n meganisme om voedselsekerheid te versterk.
7. Aanvaar verantwoordelike jag as ’n doeltreffende strategie vir volhoubare sosio-ekonomiese ontwikkeling wat die welstand van landelike gemeenskappe verbeter.

Om hierdie uitkomste te bereik en die toekoms van ons jag-erfenis vir die nageslag te verseker, behoort die volgende doelwitte aandag te geniet:

| | AKSIES | LID | TAK | NASIONALE KANTOOR |
|---|---|---|---|---|
| 1 | **Erkenning van jag as ’n integrale deel van Suid-Afrika se jagkultuur** | | | |
| 1.1 | Tree in gesprek met die relevante owerhede en belangegroepe om jag as ’n wettige deel van ons kultuurerfenis te erken. | | | X |
| | | | | |
| 2 | **Verseker dat sinvolle wetgewing en beleid volhoubare benutting en verantwoordelike jag ondersteun.** | | | |
| 2.1 | Neem deel in relevante forums en prosesse. | | | X |
| 2.2 | Neem regstappe as ’n laaste uitweg, indien nodig.<br>- Gaan voort met regsaksie teen die gebruike van die beskrywing *wildlife wellbeing.* | | | X |
| 2.3 | Stig ’n SAJWV-voorspraakfonds vir die uitsluitlike gebruik hiervoor, insluitende regsaksie (oorweeg skarebefondsing) | | | X |
| 2.4 | Werk saam met plaaslike en internasionale organisasies oor belangrike sake.<br>- AWCF<br>- OPHAA<br>- CIC[i] | | | X |
| 3 | **Voortgesette, doeltreffende bestuur inheemse wildbevolkings en natuurlike habitatte** | | | |
| 3.1 | Verbintenis tot die bewaring en die verbetering van natuurlike habitatte wat jagters en nie-jagters kan geniet, deur die bevordering van goeie bestuur en die verantwoordelike gebruik van wild. | X | X | X |
| 4 | **Drastiese verbetering van die beeld van jag, jagters en SAJWV ten opsigte van verantwoordelike benutting van wild en toesig oor wildlewe.** | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.1 | Hersien ons beleid vir goeie praktyk vir verantwoordelike jag en verseker dat hierdie beginsels deel word van SAJWV se jagkultuur | | | X |
| 4.2 | Bemagtig jagters om die bydrae van verantwoordelike jag tot hul kulturele erfenis, bewaring, voedselsekerheid en sosio-ekonomiese ontwikkeling te verstaan en aktief te bepleit. | X | X | X |
| 4.3 | Beklemtoon en bevestig die waardes van verantwoordelike jag onder lede sodat hulle dit met trots kan ondersteun. | X | X | X |
| 4.4 | Verbeter en demonstreer die spesifieke rol wat jagters in bewaring speel. | X | X | X |
| 5 | **Identifiseer en bestuur die bedreigings vir ons jagerfenis.** | | | |
| 5.1 | Bly op die hoogte van diereregtegroepe se aksies en wees proaktief met teenargumente. | | | X |
| 5.2 | Gebruik verskeie platforms en geleenthede om saam met eendersdenkende groepe op kritiek teen volhoubare benutting en verantwoordelike jag te reageer. | | | X |
| 5.3 | Gebruik positiewe praktiese ervarings om waardering vir ons natuur- en jagerfenis by ons nageslag te kweek. | X | X | X |
| 5.4 | Bewerkstelling beter samewerking en solidariteit tussen SAJWV en ander eendersdenkende organisasies. | | | X |
| 5.5 | Verseker konsekwente positiewe kommunikasie en boodskappe wat jag in 'n positiewe lig uitbeeld. | | | X |
| 6 | **Bevorder jag as ’n aktiwiteit wat bydra tot ’n gesonde lewenstyl en benutting van voedsame bron van proteïen.** | | | |
| 6.1 | Fokus op jag om die waarde en voordele van buitelugaktiwiteite te bevorder. | X | X | X |
| 6.2 | Bemark jag as ’n gesonde lewenstyl in die buitelug in teenstelling met ’n passiewe lewensstyl waar mense hul treë tel op slimhorlosies. Fokus oop op die voordele wat buitelugaktiwiteite vir kinders inhou. | | | X |
| 6.3 | Ontwikkel ’n veldtog soos die *Wild Harvest Campaign* wat die voordele uitwys van verantwoordelike jag om vrylopende bronne vir vleis vir eie gebruik te oes. | | | X |
| 7 | **Bevorder volhoubare benutting in die algemeen en jag in die besonder as 'n goeie strategie in voedselsekerheid, bewaring en volhoubare sosio-ekonomiese ontwikkeling wat die welstand van Suid-Afrikaners verbeter.** | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | *Fokus hierdie aktiwiteit op relevante belangegroepe wat verskillende benaderings behels. Dit sluit die volgende groepe in:*<br>• *Wetenskaplike gemeenskap: hulle verskaf die wetenskap wat ingeligte besluite and beleidsrigtings op verskeie vlakke ondersteun.*<br>• *Leke-publiek/stemgeregtigdes: die jagsektor benodig hulle begrip sodat verantwoordelike jagaktiwiteite kan voortgaan.*<br>• *Regering en politici: hulle insette beïnvloed beleid en die regsraamwerk.*<br>• *Bewaringsektor: sal jag as ŉ oplossing sien vir volhoubare bewaring van ons wildlewe indien hulle die positiewe bydrae van jag tot bewaring verstaan. verstaan*<br>• *Media: Hoofstroom en sosialemediaplatform* | | | |
| 7.1 | Wetenskaplike gemeenskap:<br>- Voltooi jagverslae en publiseer resultate<br>- Verwerk jagverslae en publiseer die resultate<br>- Neem deel aan wetenskapforums vir beter begrip oor neigings in die sektor en om bestaande navorsingsprojekte te beïnvloed en relevante data te deel.<br>- Neem deel aan en fasiliteer navorsing wat verantwoordelike jag en bewaring ondersteun. | X | | X<br>X<br>X |
| 7.2 | Leke-publiek<br>- Ontwikkel ŉ bewusmakingsproses soos die *Wild Harvest Campaign* wat fokus op wildsvleis as ŉ voedsame bron van proteïene.<br>- Gebruik bewaringsinisiatiewe om die rol wat verantwoordelike jagters in bewaring speel, te beklemtoon.<br>- Jagters-gee-om-veldtog: ŉ foto met ŉ treffende boodskap wat jagters se besorgdheid oor en bydrae tot bewaring uitbeeld.<br>- Gebruik openbare geleenthede soos die Jakaranda Gholfdag of groot rugbywedstryde om verantwoordelike jag en SAJWV te bemark. Dit kan ook in samewerking met ŉ borg soos Crown National aangebied word.<br>- Brei die veldtog uit na ander groepe deur in kleiner plaaslike uitstallings en openbare geleenthede deel te neem.<br>- Gebruik ook vuurwapenhandelaars om die SAJWV te bemark. | X<br>X | X<br>X<br>X<br>X<br>X | X<br>X<br>X<br>X<br>X |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 7.3 | Regering en politici<br>- Tree in gesprek met relevante nasionale en provinsiale ministeries, insluitend onder andere Landbou, Omgewing en Toerisme<br>- Maak kontak met parlementêre portefeuljekomitees<br>- Neem deel aan relevante regeringsforums en programme<br>- *Game Meat Day/Week: (Brussels, November 12, 2024 – European Game Meat Week 2024). Hierdie projek was aangebied in samewerking met jagverenigings in Europa om wildsvleis as 'n volhoubare en etiese voedselkeuse te bevorder wat ook die bewaring van wildlewe en kultuurerfenis ondersteun. Vir 'n week in November is wildsvleis onder die hashtag #GameMeatWeek bevorder en het byna 2 miljoen gebruikers op sosiale media bereik.)*<br>- Benut HuntEx beter om die jagsektor te bemark en die voordele van verantwoordelike jag aan politici en die regering bekend te stel. | | X | X<br>X<br>X<br>X<br>X |
| 7.4 | Bewaringsektor<br>- Neem deel aan relevante bewaringsforums en inisiatiewe vir beter insig oor hulle funksie en om denkrigtings te beïnvloed, relevante data oor jag te deel en konstruktiewe vennootskappe te vorm.<br>- Bevorder bewaring | X | X<br>X | X<br>X |
| 7.5 | Media<br>- Betrek die media deur proaktiewe blootstelling aan inligting oor verantwoordelike jag en bewaring, deur middel van mediaverklarings en persbyeenkomste, en nooi die media na geleenthede waar hierdie onderwerpe bespreek word.<br>- Reageer op negatiewe persberigte met feitelike verklarings en argumente.<br>- Gebruik die SAJWV se Facebook-blad om lede in te lig oor nuus en aktuele sake oor jag en om verantwoordelike jag te bevorder. (Ontwikkel 'n reeks memes om verantwoordelike jagbeginsels uit te beeld en publiseer dit weekliks.)<br>- Tree in gesprek met plaaslike glanspersoonlikhede wat as ambassadeurs kan optree vir SAJWV en verantwoordelike jag. | | X | X<br>X<br>X<br>X |

## GEVOLGTREKKING

Jag speel ’n sleutelrol in die verskaffing van volhoubare finansiering vir die bewaring en bestuur van wildhabitats in Suid-Afrika. Die Internasionale Unie vir die Bewaring van die Natuur en Natuurlike Hulpbronne (IUCN) erken hierdie rol en ondersteun die beginsel dat verantwoordelike en volhoubare benutting van wild ’n wesenlike bydrae kan lewer tot die bewaring van spesies en hul habitats. Indien hierdie bewaringsgebiede nie mededingend bly in vergelyking met alternatiewe grondgebruike nie, sal die kommerwekkende tempo van grondtransformasie weg van bewaringsgerigte grondgebruike voortduur. Dit sal op sy beurt ’n toenemende las op die regering plaas om alternatiewe oplossings te vind vir die lewering van openbare goedere en ekosisteemdienste waarop die samelewing staatmaak.

Die jagbedryf moet sy sosiale kontrak met die breër publiek handhaaf om te verseker dat jag ’n toekoms het. Dit vereis dat jag, as ’n kulturele aktiwiteit, duidelik en konsekwent as verantwoordelik beoefen word, en dat die bydraes daarvan tot bewaring, voedselsekerheid en die ekonomie sigbaar en geloofwaardig gekommunikeer word. Die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging het ’n verantwoordelikheid om te verseker dat die beeld van jag en jagters positief en korrek aan die algemene publiek sowel as aan beleidsmakers en politici voorgehou word.

Hierdie strategie is ontwikkel met die primêre doel om jag as ’n integrale deel van Suid-Afrikaners se kultuur te bevorder; om ’n kultuur van verantwoordelike jag en doeltreffende wildbestuur te vestig; om die positiewe bydraes van verantwoordelike jag en jagters tot bewaring, voedselsekerheid en die ekonomie aktief uit te dra; om ’n bemagtigende en gebalanseerde regsraamwerk te verseker waarbinne verantwoordelike jag kan floreer; en om waninligting deur ekstreme diereregtegroepe doelgerig aan te spreek. Hierdie strategie bied rigting aan die vereniging op strategiese vlak, en stel takke en individuele lede in staat te stel om te fokus op dié gebiede waar hulle die grootste impak kan hê. Dit sal verseker dat die SAJWV gesamentlik en doelgerig werk om ons kultuur van verantwoordelike jag te beskerm en te bevorder.

---

[i] X

African Wildlife Consultative Forum (AWCF), Operators and Professional Hunters Associations of Africa (OPHAA) and the International Council for Game and Wildlife Conservation (CIC)